# LAERSKOOL DAVID BRINK

## SELFOONBELEID

## BELEID VAN DIE SKOOL

Leerders mag nie in besit wees van ‘n selfoon nie.

## PROSEDURE INDIEN OORTREE WORD

a) Indien ‘n leerder in besit is van ‘n selfoon, sal die selfoon afgeneem word en op ‘n veilige plek gebêre word tot aan die einde van die dag.
b) Detensieklas sal outomaties opgelê word, a.g.v ‘n tweede of meer oortredings.
    1) Indien daar ongewenste materiaal op die foon gevind word, sal die leerder dadelik verwys word na die departementshoof, adjunkhoof of hoof waarna die betrokke leerders se ouers telefonies gekontak sal word.
    2) ‘n Oortreding van die aard sal beteken dat so ‘n leerder onderwerp sal word aan ‘n dissiplinêre verhoor wat sal meebring dat hy/sy geskors kan word.
c) Leerders wat sms’e of beeldmateriaal van onbetaamlike aard na ander leerders of onderwysers of enige personeel stuur, sal op dieselfde wyse as bo hanteer word.
d) Enige leerder wat ‘n selfoon gebruik wanneer ‘n assesseringstaak of toets geskryf word, maak hom/haar skuldig aan ‘n oortreding van die eksamenreëls wat daartoe kan lei dat hy/sy die punte van daardie betrokke eksamen kan verbeur.

Laerskool David Brink beskou die veiligheid van hulle leerders as prioriteit. Effektiewe leer kan nie plaasvind as leerders en mede-leerders se aandag gedurig onderbreek word deur die gebruik van selfone nie. Die skool beskou enige oortreding in die verband in ‘n baie ernstige lig.

Ouers word weereens gemaan om bedag te wees op die gebruik van selfone deur leerders vanweë die gevare daarvan.

Brinkiegroete

| ______________ | ________________ | ________________ |
|---|---|---|
| MNR F RABE<br>DISSIPLINÊRE HOOF | ME M V STRATEN<br>ADJUNK HOOF | MNR C OLIVIER<br>HOOF |

– – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – – –

Hiermee neem ek________________________ ouer van _______________ in Gr _______kennis van die selfoonbeleid.

Ek het die beleid met my kind bespreek en ons onderneem om daarby te hou.

_________________________      ____________________________

HANDTEKENING OUER      HANDTEKENING KIND